Die US tree tot die stryd teen korrupsie toe

Die opleiding van staatsamptenare om korrupsie in hul eie departemente uit te roei is dalk die "verlore skakel" in die stryd teen dié groeiende probleem in Suid-Afrika.

Só het prof Gavin Woods van die Universiteit Stellenbosch (US) se Skool vir Publieke Leierskap (SPL) gisteraand [26 Oktober 2010] in sy intreerede gesê.

In talle regeringstrukture "ontbreek die nodige kennis en begrip om bestaande teenkorrupsie-opsies na behore te benut. Die Sentrum glo hy kan deur middel van sy kursusse die verlore skakel tussen bestuurders en gepaste optrede verskaf wat tot dusver die regering se oorhoofse teenkorrupsie-benadering gekortwiek het," het hy gesê met verwysing na die US se nuwe Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie (ACCERUS). Hy is as eerste Uitvoerende Direkteur aangestel.

Woods, 'n voormalige LP en voorsitter van die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (Skoor), het korrupsie beskryf as 'n "ernstige probleem wat sistemies in die Suid-Afrikaanse regering geraak het".

Dít het 'n negatiewe uitwerking op die gemiddelde lid van die publiek se lewensgehalte, want "korrupsie dien as afskikmiddel vir belegging, benadeel werkskepping, kniehalter internasionale handel, lei tot die wanaanwending van hulpbronne en benadeel die land se reputasie".

Die regering blyk nie daartoe in staat te wees om korrupsie te stuit nie, het Woods gesê, want ondanks 'n klomp wette, beleidsdokumente, instellings en ander inisiatiewe teen korrupsie die afgelope 15 jaar, duur die probleem voort.

Die Sentrum meen hy kan 'n bydrae lewer deur staatsamptenare op te lei en sodoende bestaande teenkorrupsie-meganismes en -regulasies meer doeltreffend te maak. Die Sentrum wil ook die verwarring wat in

akademiese kringe bestaan oor die aard en oorsake van korrupsie uit die weg help ruim.

Die totstandbrenging van die Sentrum sluit aan by die US HOOP Projek, ’n stel ontwikkelingsdoelwitte waarmee die instelling dwingende behoeftes in die samelewing wil aanspreek deur middel van sy kennisbronne en kundigheid.

Woods het gesê dit het bykans drie jaar geneem om leerplanne en kursusmateriaal vir die Sentrum te ontwikkel. In dié proses het hy onder meer staatgemaak op “aansienlike ervaring in die Skool vir Publieke Leierskap” (vroeër bekend as die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning) en interaksie met senior staatsamptenare, wat byna al die Skool se studente uitmaak.

Volgens Woods is die meeste mense wat korrupsie pleeg nie gesofistikeerde misdadigers nie, maar individue wat swig voor versoekings in omgewings waar daar die risiko wat hulle loop om uitgevang en swaar gestraf te word, laag is. “Daar is ’n internasionale konsensus, gebaseer op statistiek, dat een uit elke tien mense nooit korrup sal wees nie, een sal beslis wees, en die oorblywende agt kan swig, afhangend van omstandighede.”

Om die staatsdiens met die nodige vaardighede toe te rus om die geleenthede vir korrupsie uit te skakel, is dus die aangewese ding om te doen, het Woods aangevoer.

“In ’n aantal ander ontwikkelende lande is daar ervaar dat die stryd teen korrupsie baie moeiliker is om te wen as om te verloor. In Suid-Afrika het ons nog die geleentheid om te seëvier, mits almal hul deel doen. Die Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie staan gereed.”

* Kontak die Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrupsie (ACCERUS) by tel. +27 21 918 4122 of e-pos gavin.woods@spl.sun.ac.za.

* Besoek http://hdl.handle.net/10019.1/4836 vir die volledige toespraak.